Rooiels Belastingbetalersvereniging 3/97
Rooi Els Ratepayers Association 3/97

# Bries Breeze

## REDAKSIONEEL

Hier waar ek sit en skryf kyk ek uit oor die Rooiels Natuurreservaat. 'n Mens kan nie dink dat dit die ander dag gebrand het nie. Die afgelope week het ek gesien hoe 'n fisant ewe kordaat een van ons nuwe inwoners, 'n tarentaal, pront vertel dat hy nie daar welkom is nie Ander nuwe intrekkers is 'n paar kroonkop kiewiete wat hopelik nes gaan maak. Nuwe plante is besig om in hulle duisende daar op te kom en die voëls en bobbejane is heel-dag rustig besig om kos te soek. Heelparty pofadders is ook daar, en op omringende erwe, opgemerk. 'n Mikrokosmos in die kleine. Teen die tyd dat die Desembervakansie aanbreek sal die nuwe plante al redelik gevestig wees. Weens die huidige opskorting van die Munisipailteit se begroting kon daar nog nie aandag aan die reservaat gegee word nie. Hopelik sal daar teen Desember aangeduide paadjies deur die reservaat wees.

Recently a number of people have taken up permanent residence in Rooiels. For those of you who wonder what it is like living here permanently: not a spare moment! There is so much in which residents can become involved, that there are often not enough hours in the day.

Na die goeie ondersteuning van 'n paar vorige lae profiel vakansieprogramme, word daar vir die komende Desembervakansie 'n heel interessante program beplan waar daar vir almal voorsiening gemaak sal word. Hou maar die kennisgewingborde dop. Die lewensvatbaarheid van sulke programme sal vir die toekoms geëvalueer word.

The AGM takes place on Saturday, 27 December at the usual venue, erf 56. Registration starts at 8:00 (please note that this is earlier than other years) and the meeting at 8:30. It promises to be a very informative meeting. Remember to bring R40,00 membership fees and a chair.

Die REBBV was die laaste paar weke weer baie bedrywig op 'n paar fronte: die soneringskwessie het weer stuwing gekry en ons het ook tot die debat oor die belastingskwessie toegetree. Ons kan net dankbaar wees dat ons sake in die uiters bekwame hande van raadslid Julia Aalbers toevertrou is. Met die belastingkwessie het sy wel die stryd om 'n regverdige belastingstelsel verloor, maar op morele gronde die debat gewen.

'n Geseënde Kerstyd vir u almal.

Gerard Scholtz

## From the Chair:

**Hierdie is die laaste Bries/Breeze van 1997**. Ek wil graag weer van die geleentheid gebruik maak om die uitvoerende komitee te bedank vir hulle lojaliteit en onselfsugtige diens in belang van die belastingbetaler. Vir die van u wat dit geniet om te lees van wat alles in hierdie pragtige dorpie van ons aangaan, sal dit waardeer dat hierdie komitee weer 'n baie besige jaar agter die rug het, en dat hulle altyd in die belang van Rooiels opgetree het met die Rooiels Visie as mandaat. Dit is uiters belangrik dat alle toekomstige komiteelede hulle sal verbind tot die handhawing van die Visie, want dit onderhou die wense en aspirasies van die oorgrote meerderheid van die mense van Rooiels wat dit aanvaar het.

**1997/98 Budget: Rates and taxes**

*Your Association* added its weight to the objections voiced by ALL FOUR RATEPAYER ASSOCIATIONS to the unacceptable increases in tariffs. Particularly when measured against the level of Municipal services provided in Rooi Els, we remain unconvinced that we are receiving value for our money.

*The Auditor-General* has issued a very critical report on the state of our Municipal affairs. Answers are required as to how matters are going to be improved. Further, we understand this is supposed to be addressed at a public meeting. We look forward to an invitation. The Hangklip/Kleinmond Municipality must indeed be chaotic when we, and other ratepayer groups, have not received replies to faxes and

letters dating back to 25th of August!! At the stage of going to press, we understand there is still a petition circulating which calls for the resignation of the Council with the sole exception of our Rooi Els independent councillor, Julia Aalbers, who stood her ground and bravely voted against the proposed budget.

*It was news of this brave stand* which prompted a public meeting in Kleinmond to agree that independent councillors who have their local area's interest at heart, were preferable to the "party system" of local politics where councillors are apparently expected to toe the party line, whether it is in the interests of their constituencies or not.

*Tydens 'n vergadering* op 22 Augustus het die REBBV uitvoerende komitee die agbare burgermeester, raadslid Willie Meyer, genooi om ons Algemene Jaarvergadering persoonlik by te woon en u vrae oor die begroting te kom beantwoord. Hy het sy bereidwilligheid verklaar. Maar tot op datum het ons nog geen amptelike reaksie op ons amptelike uitnodiging ontvang nie. Sy uiteindelike reaksie sal interessant wees.

**Qua Vadis? Rooi Els UDI?**

*U uitvoerende komitee* is deur verskeie belastingbetalers genader om die moontlikheid te ondersoek om "onafhanklik te gaan" en ons eie sake alleen te hanteer. Van ons kant het ons goed ingeligte en gekwalifiseerde lede genaderom kommentaar en voorstelle. Moontlik sal ons tydens die Algemene Jaarvergadering al terugvoering gereed hê vir bespreking en oorweging.

*In the meanwhile*, your comments and input would be extremely valuable, so feel free to drop me a line and express your views.

**Entrance to Rooi Els**

*Jo Hensen has come up* with an improved plan regarding brick-paving our entrance, which should help keep some of the dust down. This has received our qualified support and the matter has been handed over to the municipality for their attention. It is hoped that "the powers that be" will be able to implement this soon.

**Somchem Negotiations**

Soos die meeste van u weet, het Somchem onderneem om die toets van wapens in ons wateropvanggebied aan die einde van hierdie jaar te staak en hulle onttrekking uit die toetsterrein bokant die Buffelsrivierdam implementeer.

As we go to press, negotiations continue regarding the clean up, remediation and rehabilitation of the site. The protocol governing this process, as well as future monitoring of the soil and water, is in its seventh or eighth draft. From the community point of view, the ultimate goal of this document is the certification by responsible bodies as to the quality of the water which we drink. This should also include recourse into the future, should the results of the process not be acceptable.

Op 22 Oktober het ek in 'n brief aan Dr Charlie Boucher, voorsitter van die sogenaamde "Hangklip Test Site Working Group" (waarop ek amper twee jaar lank die REBBV verteenwoordig het), die redes aangevoer waarom ek glo my bydrae tot die protokol tot 'n einde gekom het en waarom ek nie bereid was om enige verdere vergaderings oor hierdie aspek by te woon nie. Ander gemeenskapsverteenwoordigers het ook dieselfde standpunt ingeneem. Vir u inligting haal ek die twee betrokke paragrawe in my brief aan:

"In regard to the water quality, in the final analysis, what the community requires is acceptable reassurance from the responsible authorities that the water is, and will continue to be, of an acceptable standard for human consumption. The community will also require legally binding reassurance from the highest authority that in the event of any health problems arising in the community from this source, there will be recourse and compensation available.

These basic community requirements should also be the minimum acceptable guidelines for those who were responsible for the pollution; those responsible for the clean up process; AND the authorities responsible for the supply of potable water. Between them, these players have the manpower, money, expertise and knowledge to achieve what is required. Let them get on with the job and take responsibility for the outcome. Any short-cuts taken will become tragically evident in time."

Slegs met die tyd, en die ondervinding van hulle wat in ons gemeenskap woon, sal die uiteindelike mate van die skade wat aan ons water en die omgewing berokken is en die doeltreffendheid van die remediërende proses duidelik word. Ek hoop en vertrou dat die betrokke owerhede sal verseker dat ons sonder enige berou sal kan terugkyk op hierdie ongelukkkige gebeure.

Although the saga is not yet over, it would be remiss of me not to thank, and congratulate, all those who have played a constructive role in progressing this matter thus far. My special thanks to those "community players" who have literally burned the midnight oil (and much more besides!) in their magnificent defence of your interests.

*Vriendelike groete* en 'n vredevolle Kerstyd. May the New Year bring only good things your way!

**Geoff Harris**
*Voorsitter: REBBV*

# Rooi Els Angry Over Budget

**In a letter** submitted to the special meeting on the budget on 6 October, the RERA exco expressed support for the efforts of councillor Julia Aalbers to bring taxes and tariffs in the four towns in the municipality more in line. The letter followed the previous council meeting at which Julia Aalbers proposed that the average monthly account of residents in the Kleinmond-Hangklip area should be brought to the same level in rand terms and the different tariffs then adjusted accordingly to effect a budget which is more just to the individual taxpayer. At the preceding meeting on this issue, councillor Aalbers fought hard to bring about an equitable tax system.

**Councillor Aalbers** issued a statement clarifying her position on the budget issue in which she objected to the 176% increase in rates in Rooi Els as there had not been a comparable increase in services. She maintains that the attempt to manage and justify administrative costs is insufficient. She also expresses concern about the impact of the large increase on older people living on fixed incomes and the short period available for interest groups to make contributions to the final budget.

**The letter** from RERA referred to above, follows:

2 October 1997

Dear Councillor Aalbers

<u>Your submission of 01 October to Council re 1997/8 Budget</u>

*1. **Of** the four townships under the jurisdiction of the Hangklip-Kleinmond Municipality, would it not be true to say that Rooiels has the less-devleloped infrastructure and makes the least

demands upon the services provided by the Municipality? (Prime examples are lack of street-lights and tarred roads.) We therefore find it both strange AND unacceptable that Rooiels ratepayers should:

(a) have the highest property valuations;
(b) pay the highest rates in rand terms; and
(c) face amongst the highest average monthly account increases in rand terms.

The increases are even more unacceptable where there are not additional (or even improved) Municipal services visible in Rooiels. We therefore wish to reinforce our support for the stance which you took in the Council meeting yesterday and appeal to Council to rectify these anomalies.

*2. **We** hereby also formally request a written reply to the following question: Was EVERY aspect of the Budget correctly prepared, processed in terms of normal budget procedure AND the instructions from the Department of Finance dated 23 May 1997? If not, why not and in which areas were there deviations from the instructions?

*3. **During** our "budget" meeting with Council on 22 August, we observed no evidence of proceedings being recorded. Therefore, on 25 August, the RERA confirmed our stance and input relating to that meeting in a letter to the Town Clerk. As of today's date, I have not received any response to that letter nor to our request for a copy of Council's minutes. I wish to repeat that request and at the same time ask for minutes of ALL interest-groups discussions.

**Kindly** have Council confirm whether minutes were in fact taken during the various meetings with the ratepayer interest-groups on 22 August. If no minutes were taken, we cannot help but question Council's efficiency and/or their intention to genuinely consider and implement ratepayers' suggestions.

**The** courtesy of a prompt reply from Council to our concerns would be appreciated.

Yours faithfully

GN Harris

*Chairman: RERA*

## Reaksie op die Begroting

**Ongekende reaksie** op die hantering van die begroting deur die Oorgangsraad het in die Kleinmond-Hangklip gebied losgebreek.

**Tydens** 'n vergadering op 4 September in Kleinmond wat deur die Kleinmond Sakekamer gereël is en deur sowat 150 mense bygewoon is met André Wagener as ons verteenwoordiger, is onder andere geëis dat die hele Raad, raadslid Julia Aalbers uitgesluit, moet bedank.

**Petisies** is versprei en honderde handtekeninge is ingesamel waarna die Raad sekere toegewings gemaak het wat die gestigte aksiekomitee beding het.

**Op** 13 September het die Oorgangsraad 'n geslote vergadering met sommige partye gehou en hieronder volg die REBBV se persverklaring wat na afloop van hierdie vergadering vrygestel is.

**Raadslid** Aalbers het 'n laaste vergeefse poging aangewend om nog wysigings te beding, maar is net deur die ander onafhanklike lid van die Raad, Kleinmond raadslid Hentie Barnard, gesteun. Die Raad het die aangepaste begroting dus met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar.

## PERSVERKLARING

(op 15 September deur die uitvoerende komitee van die **REBBV** uitgereik)

*Op Saterdag, 13 September 1997, het die burgemeester en lede van die Oorgangs-raad van die Kleinmond/ Hangklip-gebied 'n geslote vergadering met sommige gemeenskapsleiers oor die voortgesette ontevredenheid rondom die begroting, gehou.*

*Die burgemeester, mnr. Willie Smuts, wat as voorsitter opgetree het, is gekritiseer omdat daar nie behoorlik notule gehou is nie, en omdat die pers nie teenwoordig was nie. Teen die einde van die vergadering het hy egter laat blyk dat 'n persverklaring wel deur hom uitgereik sal word.*

*Die volgende feite het tydens die vergadering bekend geword:*

- *Die Provinsiale Regering het 'n 8% beperking neergelê as verhoging vir die 1997/8 finansiële jaar vir die Kleinmond/Hangklip-gebied.*
- *Die Kleinmond-Hangklip Oorgangsraad het 'n konsep-begroting opgestel wat hierdie beperking met meer as 100% oorskry.*
- *Die konsep-begroting is nie aan die Provinsiale Regering voorgelê vir goedkeuring nie.*
- *Verhoogde munisipale rekenings is egter reeds op inwoners van die gebied bestel.*

*Die burgemeester en sy Oorgangsraad het egter onderneem om die volgende regstellende stappe te doen:*

- *Die konsep-begroting sal hersien en belastings sal verminder word.*
- *Inwoners wat reeds die verhoogde tariewe betaal het, sal in daaropvolgende aanslae gekrediteer word met die bedrae wat van hulle oorverhaal is.*

*Die Rooiels Belastingbetalersvereniging wil hiermee waardering uitspreek vir die bereidwilligheid van die Oorgangsraad om die begroting te hersien*

NOTA:
Rooiels het hier 'n verligting vanaf 'n toename van 176% op grondbelasting tot 133%. Dit, tesame met die verligting op geboue belasting het 'n effektiewe toename van 96,5% op die **gemiddelde** belastingbetaler tot gevolg.

## *VAN ONS RAADSLID:*

### STREEKS-HEREVALUERING

Die herevaluering van eiendomme in die Hangklip-Kleinmond area is 'n belangrike administratiewe aksie om die netelige probleem van die huidige, onvergelykbare waardasies in die ou Hangklip-gebied aan te spreek.

Ingevolge Ordinansie no 148 van 1993 is die Firma A van Biljon Evalueerders gekontrakteer om die werk te doen.

Dit is belangrik dat die individuele belastingbetaler die proses en sy interaksie daarmee moet verstaan:

1. Die huidige veldwerk (besoeke) word nou gedoen en die evalueerders stel dan 'n memorandum op vir die waardasies van die hele gebied. Hierdie verslag behoort teen die einde Februarie 1998 by die munisipaliteit ingelewer word.
2. Daarna word elke eienaar per brief deur die munisipaliteit verwittig van die waarde van sy eiendom.
3. Hierop het die eienaar geleentheid, en ek moedig dit aan, om skriftelik beswaar aan te teken voor die bepaalde datum.
4. Daarna kry die eienaar die geleentheid om die Waardasieraadsitting (met ons verteenwoordiger, mnr Geoff Harris en onder leiding van 'n magistraat) toe te spreek en kan daar selfs 'n *in loco* inspeksie hieruit volg.

Dit is belangrik om daarop te let dat die munisipaliteit en die oorgangsraad geen seggingskap het oor die waardes wat toegestaan word nie. Egter van belang is die feit dat onafhanklike inligting vanaf die Aktekantoor oor die verkope van eiendom in die periode 1993-1997 ook gebruik word in die waardasieproses.

Daar is ook 'n groeiende konsensus in die gemeenskap en by die oorgangsraad dat waar daar belastings gehef word, natuurlik 'n raadsfunksie, daar meer klem geplaas moet word op die grondwaardasie. So ook is met hierdie proses begin in die 97/98 begroting.

Indien u meer inligting verlang, skakel gerus mnr Louis Jordaan by (028271) 14010

Groete

Julia Aalbers
*Raadslid*

# KENNISGEWING
# NOTICE

Rooiels Belastingbetalersvereniging

ANNUAL GENERAL MEETING

ERF 56

Saterdag 27 Desember 1997
Registration at 8:00
Meeting starts at 8:30

Bring R40 ledegeld en eie stoel saam

## THE HEALTH AND HACKIT CLUB

Ons klub gaan beslis van krag tot krag en oor die afgelope ses maande het die maandelikse bywoning van kapdae telkens 20 oorskry! Die vordering wat die kappers maak is sigbaar, veral vir diegene wat die werk doen. Ons sien wel telkens die "gereeldes", maar daar is ook elke maand die nuwes of minder gereelde kappers wat bykom. Ons het al 'n ver pad gekom van die dae toe ons nog ons eie bakkies moes gebruik om die takke weg te ry en die manne bo-op die vragte gespring het om hulle vas te trap. Daardie dae het ons jaarliks, en later kwartaalliks gekap, maar nou onder Jean se leierskap en in ooreenstemming met haar visie, kap ons maandeliks.

We must mention that we have not only applied ourselves to "destructive" work - we also planted 44 plants at the entrance to the village in September. This is only phase one of our beautification plans which will only be continued once the entrance to the village has been upgraded. A very special thank you once again to Miriam of Drummond Arms for undertaking the watering of the plants for us.

A very big thank you to all those enthusiastic workers, suppliers of sandwiches and the willing hostesses for their contribution to this community-minded project.

Diarmuid Baigrie en ek het altesame 90 erwe geidentifiseer wat probleme met rooikrans/port jackson/bloekoms het. Daar is aan al hierdie erfeienaars geskryf om hulle samewerking te vra en ek het tot op datum minder as tien oproepe in reaksie hierop ontvang Ek wil glo dat dit 'n goeie teken is en dat hierdie mense die brief in die goeie gees ontvang het waarin dit geskryf is en dat hulle binnekort iets omtrent hulle eiendomme sal doen.

If we can convince all the owners of infested erven to accept the responsibility of ownership and take control of the rooikrans on their properties, then the battle will be ours!
*Anuta Scholtz*

## BOOMPLANTWEEK OP ROOIELS

Kobio encouraged all communities to become actively involved in this country-wide drive to plant trees. This being Rooiels, trees were not really an option and we turned to those varieties of fynbos endemic to Rooiels. Darelle Snyman helped plan which plants could do well and would provide some colour and interest to the entrance to the village. The municipality built up the corner with stone and filled it with topsoil, experts provided advice on planting procedures, 44 plants were procured and the community set to work on the morning of 6 September.

Dit het vanaf agtuur aanmekaar gereën, maar presies om tienuur toe die plantery moes begin, het dit opgehou en kon ons ons taak afhandel sonder om nat te reën. Die eregaste was die effens meer senior lede van die gemeenskap. Ons het gekyk hoe George en Issie Ryke, bygestaan deur hul kleindogters, met groot entoesiasme gewoeker het. Oom Skakel Kriek (93) het self uit die stad hiernatoe bestuur om die geleentheid by te woon en sy plante in die grond te kry; Kay en Jeanne du Plessis het ook spesiaal vanaf Kaapstad gekom en Merwe Scholtz was ook by om sy deel te doen. Die spoed waarmee die plante geplant is, getuig van die entoesiasme en energie waarmee die taak aangepak is. Julia Aalbers het ons met 'n kort boodskap aangemoedig en toe is dit weer kuiertyd op Rosi se stoep. Ons is net jammer dat al die

uitgenooide gaste nie die geleentheid kon bywoon nie.

Jeffares and Green (the engineering firm responsible for the upgrading of the road to Gordon's Bay) also held their tree planting ceremony on 5 September. They planted a total of 19 milkwoods at the first parking area on the Gordon's Bay side of Rooiels. Guests representing Rooiels were George and Issie Ryke. George now looks out for "George se boom" when he drives past.

Anuta Scholtz

# BIRD CHAT

Festive greetings to one and all! We're not sure what happened to 1997 but it's been an action-packed birding year for sure! Sadly the Black Eagle's (Witkruisarend) chick died in late August. Only an immediate post mortem would have revealed the cause and we can only speculate. The fact remains that since the chick's death neither eagle has been seen in the area, which is unusual unless something has happened to the female. Would-be ornithological Agatha Christies can have a field day on the whole affair. The apparent demise has allowed the rather unsavoury White Necked Ravens (Withalskraai) to fill their niche. These large, heavy billed, primarily scavenging birds haven't previously been so much in evidence in Rooi Els itself, preferring the local rubbish dump and road casualty carrion. As the rest of the diet includes eggs, nestlings and small birds, mammals and reptiles, their presence has not been tolerated by the eagles. Such a large black bird with white on its neck could easily be mistaken for an eagle to an untrained eye, but the raven is quite literally almost half the size in length and wing span and in no way matches the eagle's superiority. Their increasing presence is not a hopeful sign for the currently absent eagles.


To happier thoughts! During the late September days our garden has once again been chosen as a suitable nesting place. At present, the similar, but exquisite, nests of the Lesser Double-collared Sunbird (Klein rooibandsuikerbekkie) and the Bar-throated Apolis (Bandkeelkleinjantjie) have chosen to nest in rooikrans and rosemary - so much for local flora! Both make use of grass, lichen, moss and spider webs *et al.* In contrasting building style, the sunbird's nest is built exclusively by the female while the male sits in a prominent position "protecting" her by singing his proverbial "socks off", identifying his territory to every other male sunbird aorund. Both of the apolis construct the nest. Our resident Fiscal Flycatchers (Fiskaalvlieëvanger) have re-nested in an almost identical position in the same tree. Again, as with the sunbirds, the male stands guard while the female builds. Cape Robins (Gewone Janfrederik) and Bulbuls (Kaapse Tiptol) have nested close to our boundaries in thick fynbos. However, Esme Munnik has gone one better - she has a Robin's nest inside her conservatory in a plant pot! The birds have access under a shutter and as I write there are three very pale pinkish eggs. The female is totally unperturbed by Esme (or by us on our visit) and is probably her "pet" robin who visits at breakfast. This is not the first time Esme has had such luck. Robins have previously nested in the airy conservatory as has a Cape Wagtail (Gewone Kwikkie). Esme keeps us posted with updates.

Swifts (Windsawels) and Swallows (Swaels) are also looking - watch out for mud collecting after rain or near irrigation hose ends. As for the persistent, if not successful, White-fronted Plover (Vaalstrandkiewiet), they are persevering! A pair at the southern end of Rooi Els were reported with two chicks - definitely a quieter area than the main beach , hence perhaps the success.


On the humorous side, we are approaching the season of unusual - indeed unlikely - sightings. These occur most often after champagne breakfasts and "compliments of the season" lunches. Before anyone phones us: pink is not a common bird colour and as for red herrings, we suggest you contact the Boat Club!

Happy birding!

Alison and Helen



# ROOI ELS SUNSET CHRISTMAS CRAFTS AND ART ROUTE



For the first time ever you will be able to do your last minute Christmas shopping right here in Rooi Els and after hours at that!

A variety of home industry products, mostly originating in and around Rooi Els, will be offered for sale at two venues and the works of well-known South African artists, including our own Evette Weyers, will be on exhibit at a separate venue. The hours will be between 18:00 and 21:00 every evening from 20 - 23 December.

In the line of foodstuffs, you will be able to buy products ranging from home-made orange liqueur to mince pies; there will be clothes just right for the Rooi Els scene; gifts will cover a wide variety of really small, inexpensive products to slightly more expensive ones (ranging from hand-made paper to hand-painted mirrors); and there will something to eat and drink on offer as well. If you have anything to contribute to the market, please contact Lida van Dyk on 083 302 5886 or Griet Odendaal at (02823) 28586

So, pop in to see what is available, have a snack or simply come along and meet everyone else in town.

Details, including a map, will be available on the notice board and in the shops.

# December Holiday Programme

Saterdag 13 Desember at 18:00
Christmas Carols at Harold Porter Botanical Gardens

Saterday 20th - Tuesday 23th December, 18:00-21:00
Rooi Els Sunset Christmas Crafts and Art Route
(Convenor: Lida van Dyk
Tel: 083 302 5886)

Monday 22th December 10:00
Volleyball on the beach for all teenagers
(Convenor: Thomas Mödinger
Tel: 28723)

Dinsdag 23 Desember 21:15 by Rosi
Marius Weyers and Friends!
Kom drink 'n glasie wyn en luister na stories, gedigte en nog wat, ten bate van die Rooiels Herbariumfonds.
(Convenor: Gerard Scholtz
Tel: 28539)

Wednesday 24th December 11:00-12:00
Let the kiddies get the Christmas feeling on a horsecart through Rooi Els!! (Op eie verantwoordelikheid!!!)
(George Ryke: 28620)

Vrydag 26 Desember 8:00-10:00
Familie Pretloop van Rosi's na Pringlebaai deur die fynbos. Bring 'n rugsakkie met versnapperinge saam.
(Convenor: Dick Lockley
Tel: 083 255 8396)

Saterday 27th December 8:00
AGM at erf 56

Sondag 28 Desember 10:00-16:00
Opedag deur die Bootklub. Vir almal wat nooit hier op Rooiels die kans kry om op 'n boot te vaar nie: die lede van die Bootklub staan gereed om u op 'n gratis rit te neem.
(Convenor: Diarmuid Baigrie)

Sunday 28th December 17:00
A walk with Prof Tony Hall from Rosi to the smallholdings south of Rooi Els. (His previous walk attracted more than 40 people!)

Maandag 29 Desember 8:30 (Low tide)
Sea workshop with Evette Weyers for adults (A must!)
(Convenor: Evette Weyers
Tel: 28483)

Tuesday 30th December 8:00
Family Fun Cycle to .....!
Bring own refreshments and R5.00 per family
(Convenor: Herbert Voigt
Tel: 28494)

Wednesday 31 December 10:00 (Low tide)
Seewerkswinkel deur Evette Weyers vir kinders
(Convenor: Evette Weyers
Tel: 28483)

Saterdag 3 Januarie 1998 8:00
Black Bag Day. Die hele Rooiels ruk op om die strande en strate skoon te maak. Almal kom eers by Rosi bymekaar. Verversings agterna.

Some of these activities are subject to the weather - so watch the notice board in front of Rooi Els Gas and Hardware for any changes and for any additional activities.



## BY DIE KOMITEE-VERGADERINGS

Die volgende sake is tans onder bespreking tydens die vergaderings van die Uitvoerende Komitee van die REBBV:

⇒ Spoedkalmering
⇒ Parkering gedurende spitstye
⇒ Opgradering van ingang
⇒ Rooiels Natuurreservaat
⇒ Erf 324
⇒ Onderverdeling
⇒ Somchem onderhandelings
⇒ Erfbelastingkwessie
⇒ Dienste
⇒ Wykstatus van Rooiels
⇒ Brandbestrying
⇒ Seevisserybeleid
⇒ Voorgestelde herbarium
⇒ Afvalbeheer
⇒ Vakansieprogram

## The Federation of Ratepayers

Representatives from ratepayers' associations in the Hangklip/Kleinmond area meet every two months to discuss and sometimes take action on matters of common interest. The representatives to the Federation from the RERA are Jean Cowen and Anuta Scholtz, who acts as secretary of the federation. The networking and sharing of information that takes place is of great value to us all in gaining a broader perspective of what is taking place in our area, and therefore in enabling the different ratepayers' associations to take more effective action on the many issues which concern us. There is ongoing lobbying of the Council by the Federation on matters such as the budget, law enforcement, the condition of the roads, firefighting, security, waste management, and planning issues.

Issues on planning are taking up more and more of our time as the pressure for development in the area increases. The stand taken by the Federation and its members is that until a properly researched structure plan, which takes into account the special status of the area as a biosphere reserve, as in place, no development of the smallholdings should be permitted other than specified in the title deeds. The smalholdings are soon to become a part of the Hangklip-Kleinmond Municipality. The

Federation will also be putting pressure on the Council to deal in future with the budget in time to allow for proper consultation with the ratepayers' associations, which did not happen this year.

**POINTS CURRENTLY ON THE AGENDA OF THE FEDERATION OF RATEPAYERS**

- waste management
- speed control
- fire fighting plan
- aesthetics
- waste disposal site
- subdivision of smallholdings
- light pollution
- water monitoring committee
- Kleinmond harbour
- development
- municipal budget
- coast control
- RDP alien vegetation action

# False Bay

There are those lazy days at Rooi Els. The sun shines on a sparkling blue sea, the famous breeze is gentle, hardly ruffling the fur around dassie's neck. The children have strolled to the beach, the novel in one's lap barely grips one.

Then we happen to glance up, just to feast our eyes on the scene once more, as we have done so often during this morning. Not this time. A visitor is entering our beautiful bay, and what a visitor!

A huge oil tanker is making its way serenely into False Bay. We see it as it crosses our line of sight to Cape Point, and follow its majestic progress past the line to Simonstown... Fish Hoek... Table Mountain. We wonder who is paying attention. A little grey frigate bustles out of Simonstown, clearly upset. The tanker captain appears not to notice, and proceeds unconcerned on his way to Macassar Beach, and perdition.

O aptly named False Bay! The captain eventually realises that there is no way through to the Atlantic on this path, not for the last ten thousand years.

Now the theory that a tanker needs at least four kilometers to turn around is about to be tested. The captain does not have twenty kilometers left! The vessel turns around "on a tickey" and makes her way back to the entrance of the Bay escorted by the South African Navy, out of the Bay, around Cape Point, and northwards, to deliver her cargo in a more welcoming place.
Pieter van der Riet

# Herbarium vir Rooiels

Die noodsaaklikheid van 'n herbarium vir Rooiels is 'n tyd lank al 'n droom by sommige inwoners. 'n Klein groepie Rooielsers is intussen deur die Harold Porter Nasionale Botaniese Tuin opgelei om die herbarium aan die gang te kry.

Van elke spesie sal twee voorbeelde voorberei word vir bewaring, een wat in Rooiels se herbarium opgeneem sal word en die ander wat by Harold Porter bewaar sal word.

In order to start the herbarium a variety of materials, reference books and equipment is needed. The initial purchases would cost approximately R4 000. The funds must still be found. Prof Tony Hall, who is also chairman of the Rooiels Nature Reserve Advisory Board, has generously donated a cabinet in which the herbarium will be accommodated.

A Herbarium is a collection of dried plants or plant material which is filed according to a specific system for scientific study. We will concentrate first on the nature reserve so that a data list can be compiled before continuing with the rest of Rooi Els. A licence has been issued authorising the collection of material from the nature reserve.

Om een plant korrek te klasifiseer is 'n hele klomp inligting nodig soos bv. die presiese plek waar die plant gevind is , die habitat wat onder andere die substrata, grondtipe, blootstelling, helling, biotiese effek en plantsoort insluit en dan ook die eienskappe en kenmerke van die spesifieke plant.

If you wish to contribute to the herbarium in the form of money or reference books covering flora of this area, you are most welcome! Write to the address below.
Skryf aan:
**Die Rooiels Herbarium**
Posbus 120
Pringlebaai 7196
of skakel (02823) 28539


## VUURWERKE/FIREWORKS

IN THE FACE OF LACK OF LEGISLATION WITH REGARD TO FIREWORKS, THE RERA WISHES TO ENCOURAGE ALL VISITORS TO ROOIELS TO EITHER REFRAIN FROM FIRING FIREWORKS AT ALL OR TO FIRE THEM UNDER IDEAL CONDITIONS IN THE MIDDLE OF THE BIG BEACH WHERE THE FIRE HAZARD IS PROBABLY THE LEAST.

TE VEEL KLAGTES IS ONTVANG NA VERLEDE JAAR WAAR DAAR OORSKRYDING VAN AANVAARBARE PERKE WAS. ONS WIL NIE NET DIE STILTE EN VREDE BEWAAR NIE, MAAR OOK VERSEKER DAT ONS, IN DIE LIG VAN DIE VOORSPELLINGS VAN 'N BAIE DROË SOMER, NIE 'N BRANDGEVAAR SKEP NIE.

WE NEED YOUR ASSISTANCE IN THIS REGARD. PLEASE AVOID CRACKERS THAT WILL DISTURB OUR ANIMAL LIFE (WILD OR DOMESTIC). ROCKETS MUST ONLY BE FIRED UNDER CONTROLLED SUPERVISION AND ANY FIREWORKS FOLLOWED BY A THOROUGH CLEAN-UP.

MOENIE VERGEET DAT DIE VUUR VAN LIGFAKKELS ONWETTIG IS NIE!



# Rooi Els Boat Club

**We are preparing** for the Kreef season which this time is from 16 November this year to 30 April next year. Margaret Hensen again does her invaluable voluntary job of issuing keys, collecting subscriptions and filing all the Skipper Licenses and Certificates of Seaworthiness that every member must possess before launching a boat from our slipway.

**We** have erected two attractive wooden signs on the existing poles above the slipway as an aid to safety at sea. The one advises visitors that the slipway is used by boats and the other requests divers to use marker buoys, which the law requires them to do but which is not closely monitored nor adhered to. Could we ask all readers who are divers or know of divers here to take this seriously and to ensure that this inexpensive but very imortant piece of diving equipment is purchased and used, especially in the boating area in the bay. Safety at sea is vitally important.

**Ons** het hierdie jaar weer genommerde skyfies ingestel wat lede aan hulle bote en treilers moet aanbring. Dit om is bona fide geregistreerde bote wat die glipweg gebruik maklik te identifiseer as daar moontlik klagtes oor swak seemanskap of gedrag is. Indien daar sulke klagtes is, moet asseblief nie huiwer om dit by een van die komiteelede aan te meld nie, verkieslik vergesel van die skyfienommer. Die komitee bestaan uit Albert Stals, Andries Brink, Andrè du Toit. Wolfgang Wodrich en Diarmuid Baigrie.

Ons het ook weer 3 boeie in die see geplaas om die kanaal aan te dui waarbinne die bote vanaf die glipweg in en uit moet beweeg . Swemmers kan hulle dan ook vergewis waar die kanaal is. Dit het in die verlede goed gewerk en dit kan net bydra om die see vir almal veiliger te maak.

This year, to try to reduce the frequency of daytime boat traffic up the slipway, we have located a mooring buoy 30m offshore, approximately in front of the old vertical concrete column. The idea is that members' boats can moor there in the daytime only, crew can swim ashore and the boat taken off the beach later in the day when the slipway area may be quieter. It obviously also allows a user to have fuller use of the boat without going in and out more than once a day. We expect this to be successful but it will be carefully observed and monitored.

Laastens 'n uitnodiging aan alle Rooielsers, hulle familie en gaste:

On Sunday December 28 from 10:00 - 16:00 (Weather permitting)

The Rooi Els Boat Club invites you to walk down to the small beach and go out to sea on one of our members' boats. Life jackets will be obligatory and safety at sea will be strictly enforced. All ages, all sizes, all sexes, all welcome.

*(To be honest, the Committee has observed that most members prefer young shapely ladies, but we won't discriminate!)*

# Die Kusgebied - 'n Kwesbare Bate

**Ons kusgebied** is by uitstek 'n vakansie- en toeristegebied veral waar uitgestrekte strande, skouspelagtige kuslyn en die natuurskoon van die see, berge, mere en woude voorkom. Van die waardevolste eiendomme in Suid-Afrika is hier geleë.

**Kuseiendomme** is uiters beperk en private besit is 'n voorreg. Dit is ook 'n verantwoordelikheid omdat die geil plantegroei die mens laat vergeet dat die kusgebied, en veral die kusduine, uiters gevoelig is en baie maklik versteur kan word. Erosie word dikwels slegs teengewerk deur die hooggespesialiseerde en aangepaste plantegroei wat hier voorkom.

**Groot gedeeltes** van die huidige kusgebied het eens deel uitgemaak van die seebodem. 'n Daling in die seevlak het dit blootgelê en groot gedeeltes het uitgestrekte waaisand-duingebiede geword. Met verloop van tyd is hierdie ewig bewegende sandmassas vasgevang deur 'n dun bedekking plantegroei wat bestand is teen die aanvalle van son, wind en soutsproei. hierdie plante is aangepas om in sand te groei wat arm is aan voedingstowwe en spoorelemente en dikwels hoë soutkonsentrasies bevat. Sand het ook 'n baie lae voginhoud wat plante blootstel aan periodes van uiterste droogtespanning.

**In** meer beskutte gebiede het hoë duinstruikwoud op plekke ontstaan. Dit bevat geharde, stadiggroeiende en langlewende boomsoorte soos melkhout, kershout, ensomeer. Hierdie waardevolle bome groei hier omdat oor eeue 'n humuslaag opgebou het wat die sand se eienskappe verander het en vog en plantvoedingstowwe verskaf. Die eindresultaat is 'n plantegroei wat aantreklik en ryk in verskeidenheid is met 'n aantal soorte wat vrylik blom, welriekend is, en vrugte dra wat voëls lok. Omdat hierdie plante gehard en aangepas is, is hulle droogtebestand, onderhoudsvry en ideaal geskik vir plaaslike toestande.

**Hierdie** plantegroei kan egter verdring word deur aggressiewe indringerplante soos die Australiese port jackson en rooikrans, veral wanneer versteur deur brand of stootskrapery. Op hierdie wyse ontstaan eentonige en steriele pesplantboskasies.

**Deur** die onderstaande riglyne te volg en plaaslike inheemse plante te gebruik, kan u tuin bydra tot die natuurskoon van ons kusgebied. Dit sal terselfdertyd die waarde van u eiendom verhoog.

**Moenie steil sandhellings skep, ontbloot of daarop bou nie:**

- Dit kan duur onderhoud en stabilisering tot gevolg hê
- Oppervlakhumuslae kan nie maklik vervang word nie
- Versteurde sand is moeilik om op te bou
- Moenie u erf onooordeelkundig skoon maak nie:
- Waaisand en stabiliseringsprobleme mag onstaan
- Inheemse kusplante is nie onkruid nie, maar 'n waardevolle bate
- Baie van die plante kan deel word van u tuinuitleg
- Veral die groter struike is 'n bate en kan nie vervang word nie
- Vermy die verbranding van plantmateriaal op die perseel.

**Gebruik plaaslike inheemse soorte vir hervestiging:**

- Hulle is die beste aangepas by plaaslike klimaatomstandighede
- Wanneer gevestig, verg hulle baie min aandag
- Daar is 'n wye verskeidenheid vir aantreklike tuinuitleg
-

(Uit: ***Erfontwikkeling en Tuinbou in die Kusgebied***, *Kaaplandse Natuurbewaring*)

# B Carefu !

Many of you will be letting your homes/cottages during the coming season. Many of these visitors will be unfamiliar with the Rooiels environment and we would appeal to you to bring the following to their attention. The letting agents, Holidayscape, will also place these guidelines in each house they let during December/ January.

- Always keep your dog on a leash - so many temptations with so many strange dogs around! (birds, mongooses, buck, other dogs)
- Keep to the speedlimit of 20 km/h - kids here love to do things that are unthinkable in the city (cycling, walking, playing in the roads)and we have many slow-moving tortoises who use our highways as well
- Beware of light pollution - it's so wonderfully dark here. Switch off outside lights when not in use and keep all light to a minimum.
- Try walking rather than driving around the village - it's so much more relaxing and a great way to beat the dust and parking problems at the beach.
- Keep windows and doors closed when you go for a walk - baboons cannot resist visiting the off chance that there might be food available, and definitely not when it's fruit on display!
- Don't fire any fireworks - the animals (wild and otherwise) are stressed enough without them.
- Be informed concerning quotas for anything you take from the sea or the rocks - Seawatch members are very enthusiastic in pursuing transgressors and we want to save something for next year.
- Be extremely careful with your braai fire - we have experienced some near disasters when the wind revives the "dead" coals.
- Beware of our infamous wind - secure windows and doors when you are going to be away from the house for a while.
- Refuse bags must not be put out before the time - the baboons , dogs and mongooses can't wait to tuck in. Refuse is removed on Mondays, but often the municipal workers don't get around to Rooiels before a Tuesday.
- Please don't walk across the Nature Reserve - the baboons have priority night now (the carpet stage of recovery is too sensitive for human traffic).
- Please, please don't litter - this applies especially to the kids on their way back from the shops: littering is probably the most un-cool thing to do here in Rooi Els.

(We include a separate copy which you can leave in your home for guests.)

# Op soek na nuwe helde

Baie kulture het 'n tradisie van jaarlikse nabetragting en regstellende aksie, bv die Hindoes en die Jode. Ons as Suid-Afrikaners in die geheel het dit op die alledaagse vlak van 'nuwejaarsvoornemens'. Dit is 'n tyd om slegte gewoontes uit te gooi en nuwe, beter maniere te soek om dinge te doen. Tans in ons land probeer ons ook ontslae te raak van ou nadelige wette en gewoontes om so 'n beter bestel te weeg te bring.

Ons wat hier langs die see woon met sy ryk seebronne waaruit ons put, moet kyk na die stand van die wette wat ons lewens hier reguleer (t.o.v. perlemoen en kreef oes). Die onmin, misdaad en geweld wat hier langs ons kusstrook tot by Hermanus plaasvind, dui op iets wat nie pluis is nie. Daar was natuurlik wetgewing en omstandighede wat gevra het vir stropery. As ons na die ou kwotasisteme kyk wat meestal groot industrieë bevoordeel en die klein vissermanne benadeel, en die wette wat maak dat plaaslike restourant-eienaars na Kaapstad toe moet ry om perlemoen teen R200 per kilogram te koop, kan mens verstaan hoe 'n uitgebreide netwerk van stropery op verskillende vlakke tot stand gekom het. Die wette moet verander.

Verder moet ons ons eie houdings en gebruike t.o.v. die see bekyk. Daar was al jare lank 'n kultuur van stroop onder party van ons. Byvoorbeeld, dit was amper 'n "tradisionele" gebruik gewees by baie van ons Afrikaners dat die seuns vir hulle studies betaal deur kreef en perlemoen uit te haal en dit te verkoop. Skoolkinders doen dit ook vir sakgeld. Die gebruik was onwettig. Ons het dit egter goedgepraat en dalk self ook 'n paar krewe by hulle gekoop. Ons het die oeroue drif, om as jongeling self jou lewe te skep en onafhanklik te wees, verstaan. Heelparty oud-inwoners van ons kontrei het sommer 'n paar keer per dag hul "kwota" kreef gaan trek want "'n boer laat mos nie vir hom voorskryf wat hy met die aarde en die see moet doen nie. Die Here self het dit mos vir ons gegee om daaroor te regeer". Om die gereg en die natuurbewaarders te pypkan was ook 'n heel geoorloofde tradisie.

Laat ons egter hand in eie boesem steek (ek is nie so vertroud met ander bevolkingsgroepe se stroopgewoontes nie), en van die tradisies binne die huidige konteks heroorweeg. Hoe strook ons houding teenoor stropery met die toestand van die seebronne op hierdie tydstip?

Op die oomblik is die perlemoenbedryf op die rand van ineenstorting (volgens SANCOR, wetenskaplike navorsers) en die aanslag op kreef is geweldig, veral omdat soveel ondermaat gestroop word. Die reservaat wat as teelbron vir die omliggende areas moet dien, word daagliks geplunder. Seevisserye het 'n mannekragtekort en het 'n groot area om te polisieer. Onder die stropers is heelparty jong studente, met baie geld in die bank en die beste duiktoerusting, wat saans oor 'n biertjie in die kroeg grootpraat oor hoe hulle "pa se bakkie lekker vol gelaai het met perlemoen" wat hulle uit die reservaat geduik het. Die welgestelde inwoners of grondeienaars wat vier of vyf keer per dag hulle "kwotas" uit die see haal en die geregsdienaars so lekker pypkan, kla steen en been saam oor hoe die "Hawston duikers die see kaal stroop", maar praat nogtans nou en dan groot oor hulle eie "heldedade" en slenters om die gereg te ontduik. Is hierdie "heldedade" eerlikwaar grootpraat werd?

Ons het helde en heldedade nodig in ons land. Nie meer die ou "heldhaftige" dade van steel uit die see en die polisie uitoorlê nie - eerder klein, alledaagse heldedade van daagliks jou brood eerlik verdien en dit nie ten koste van jou medemens of die natuur nie. Die heldedade van saambou aan 'n ware toekoms vir ons land ten spyte van die ekonomiese druk en misdaadbedreiging. Van nie saamlag as die gulsiges grootpraat oor hoe hulle suksesvol stroop nie en nie saamsmul aan die vangste van die stropers nie.

Ek glo daar is 'n ware liefde vir die natuur by baie van ons mense en ons stories en legendes (by al ons kulture hier) vertel van daardie band met die natuur. Mag ons liewer put uit daardie tradisies van ons en 'n nuwe kultuur van omgee en toekomsbou vestig sodat die nageslag eendag trots kan wees op ons heldedade wat die see en die natuur vir hulle gered en nagelaat het.

Evette Weyers

# Perlemoen en Kreefseisoen

Die duikseisoen vir perlemoen sal nou eers op 16 Desember open, en nie op 15 November nie. Die seisoen loop aanstaande jaar op 30 April ten einde. Die kwota perlemoen per gelisensieerde duiker is 4 per dag.

Die Kreefseisoen open op 15 November. Die kwota per gelisensieerde duiker is 4 kreef per dag. Indien u kreef vanaf 'n boot trek, bly die kwota 4 per persoon, met 'n maksimum van 16 krewe per boot.

U word daaraan herinner om seker te maak van die maat groottes van perlemoen en kreef.

**Seewag** sal 'n **wakende** oog oor ons mariene bronne hou!

# A FYNBOS GARDEN IN SPRING

It rained last night, and now the sky is cloudy, the air cool and moist. The sea is crashing against the rocks below the Nature Reserve, sending great clouds of spray into the air. The nature reserve is now covered with green, and already many plants, most of them tiny, are flowering. Two weeks ago the north west edge was carpeted with the tiny deep blue flowers of a *Geissoriza*, with the yellow six-pointed stars of the *Spiloxene capensis* shining amidst the blue. The arum lilies, a variety with leathery convoluted leaves, an adaptation to our wind and the hot, dry summer, have been in flower for two or three months. We have been advised not to walk on the Reserve before paths are demarcated, but how does one say this to the baboons, who are still foraging daily in the new growth?

Our own garden continues to surprise and delight us. One of the tiny blue *Geissorizas* managed to flower in a pocket of earth in the paving in front of our house. The predominant colours, however, are orange and purple. Both the *Pelargonium cucullatum* and the *Pelargonium myrtifolium* are in full bloom. The *Pelargonium cucullatum* is a robust shrub which is a good pioneer plant in disturbed soil, while the *Pelargonium myrtifolium* with its soft beautifully shaped green leaves and purple flower, makes an attractive groundcover.

The proteas have all been putting out new leaves which range in colour from a silky whitish-green to a warm orange. The *Leucospernum cordifolium*, most of them self-seeded, are bright with flowers which seem to be particularly luminescent and beautiful this year. The birds of course are feasting and I wish that I, like Dr Dolittle, could understand what they are saying as they chatter incessantly while they feed. The *Leucospernum conocarpodendron* (kreupelhout), which is a yellow pincushion with a flowerhead of straight spikes, is the scene of many acrobatic feats as the long-tailed sugar birds perch in the wind feeding on the nectar in the flowers.

If your garden is filled with a wonderful fragrance at night, look the next day for the flowerheads of tiny white blooms of the *Crassula fascicularis*. Like many white or cream-coloured flowers, it is pollinated by moths. This little plant can easily be transplanted, and once established in your garden, will seed itself.

This is also the time of year for the *Mesembryanthemaceae* (vygies), including the *Carpobrotus acinaciforus* (sour figs) which I planted last year on the area where my builder left the rubble. It is well established, has been flowering gaily and, more importantly, has acted as a trap for the windblown soil and the seeds of many interesting plants.

During the winter I discovered one of the ways tortoises hibernate. On sunny days an angulate tortoise (the one with the dark, beautifully patterned shell) which shares our erf with us was often seen parked under the arch of a clump of restios, its rear end facing the sun.

Jean Cowen

Holidayscape c.c

# HOLIDAY LETTING AGENTS

We offer a professional, happy and friendly service to both Homeowner and Holidaymaker in Rooiels, Pringle Bay and Betty's Bay.

We do our UTMOST for:

- the Homeowners so that they almost do not know that they have had "guests" in their house or cottage.
- the Holidaymaker so that they will arrive to a spotless house/cottage with everything working and switched on, no tatty furniture and a full inventory, so that they can RELAX and COLLAPSE.

We have a brochure which is produced annually. Each house/cottage has an artist's sketch and a full ACCURATE description: its proximity to the sea/beach, how many it sleeps and whether they can bring pets, etc.

The Holidaymaker brings his own bed linen and towels. The Homeowner provides bedding and ensures that the house/cottage is spotless on takeover and we have two cleaning teams who clean between all bookings. ALL houses/cottages are only let for the number of people stated.

All monies are prepaid one month in advance, plus a 20% inventory deposit to cover any breakages or mishaps and a completed booking form has to be received. A 30% deposit is paid prior to this.

So, if you ever want to rent out your lovely property, it will be IN GOOD HANDS. Just telephone us on 02823 28528.


# ART EXHIBITION AT ROOI ELS

AS part of the Sunset Christmas Crafts and Art Route, a high profile art exhibition wild be housed at the home of Griselda Hall, a well-known art consultant.

Works of the following, and other, artists will be exhibited at erf 218 Rooi Els, from Saterday 20th December - Tuesday 23rd 18:00 - 21:00.

Ardmore Studio Ceramics
Gail Catlin
Louis Jansen van Vuuren
Erik Loubscher
Nicolaas Maritz
Hilton Nel
Jackson Nkumanda
Come and view lights, toys and unusual things, as well!

Contact: Griselda Hall
Tel: 28464

KUNS uitstalling

# ROOI ELS RAMBLINGS

The olympic bubble has burst and consequently the estate industry has gone into a bit of a slump. There is not all that much to report on sales, etc., however there is plenty of growth in Rooi Els with quite a few houses under construction and alterations being done.

I have been asked to write something in general and I like that much better because I can ramble on in no particular fashion.

I am a local yokel (that is a permanent resident, by the way) and my observations and opinions might more than likely differ from those of you folk who visit us every now and then - but that will make the whole thing more interesting.

I hear fairly substantiated rumours that the new owner of Alan Baldwin's house high up on the mountain, has applied for six more erven to be developed below his house, above Roella Road. My first thought was: how on earth are these people going to get access to their erven? My second thought was: what about erf 324? All the effort that has gone into stopping Mr Nel from developing his erven along Porter Drive can only be justified if an even bigger effort goes into stopping this new threat to Rooi Els. If we objected to the sub-division of erf 324, then we should have mass demonstrations and public mayhem about this one, (and maybe a public lynching if the devleopment is given the go-

ahead). It appears that the evil forces of development are upon us in Kleinmond, Betty's Bay, Pringle Bay AND Rooi Els. We MUST combine forces in this matter, otherwise this beautiful area will soon be like the Strand and Grodon's Bay. This rhetoric might sound strange coming from someone in my profession, but this is about as serious a matter as you can get. This is a potential death knell for Rooi Els as you and I know and love Rooi Els!

Now, for another observation and disillusionment, all in one:

You might or might not have heard that there was great excitement here about the possibility that the long-awaited paving of the road in front of the business premises could be completed before Christmas. However, it appears now that the wheels of our municipality turn very slowly when it comes to spending money, especially when it comes to Rooi Els. By the time all the various committees have had a look at the proposal it will be too late again to have it done this year. "Ag, nee, man." On top of that I hear that there might be a problem about funding the payment for it. Well, I abide by the delay but I cannot understand the problem with the money, because the R40 000 involved is available - it comes from Somchem and has been available and budgeted for for Rooi Els for the last two years. Now it appears that the council says it falls under the capital budget rather than under the special fund in which it is and the budget has not been passed yet, so they cannot proceed. This is nonsense. That money was not and never will be part of their capital budget, to be allocated as they wish - it is money which belongs to Rooi Els!

Well, this has really become a "rambling". To conclude, I would like to compliment all those involved in producing the Breeze (24 pages nogal!). but please, Mr Editor, can't you stick to one style, preferably conventional, and black ink? It has been a long time since I went to play school where your present style of printing is very popular, but most of your readers are well beyond the kindergarten age. Maybe extra large bold print would be more appropriate.

Regards
The Rambler
(A guy with the name of Jo H.)

## AS 'N *brand* UITBREEK......



Die Kleinmond/Hangklip-munisipaliteit het 'n brandreaksieplan goedgekeur wat duidelike riglyne neerlê vir sy amptenare wat gevolg moet word indien 'n brand in die gebied sou uitbreek. Hierdie plan is deeglik uitgewerk en dek alle aspekte van 'n onbeheerde brand, asook voorsorgmaatreëls vir beheerde brande.

Gesels gerus met Craig Spencer indien u meer inligting wil bekom. (028 2729263)

This plan comprises five areas, namely:

1. Division of labour and delegation of authority and responsibility
2. Communication
3. Reaction
4. Post-fire/Follow-up operations and debriefing
5. Preparation and planning

Indien 'n brand in Rooiels sou ontstaan is die volgende prosedure van belang:

Skakel die munisipaliteit of die polisie by die volgende nommers:

**AFTER HOURS**
Fire Chief:
028 2729594
Foreman on duty:
028 27295560
SAP:
028 2713333

**KANTOORURE**
Munisipaliteit:
028 2729263
SAP:
028 2713333

Hierdie BRIES/BREEZE is 'n publikasie van die Uitvoerende Bestuur van die Rooi Els Belastingbetalersvereniging (REBBV/RERA)